

23 Julie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 16:1-36

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 16:31

Loof die Here wat regeer

As jy in die gewone gang van die lewe vir mense vra: Wie regeer? dan kry jy uiteenlopende antwoorde, soos die wêreldmagte of konings of presidente. Die troos wat die Here opnuut weer vir ons wil gee met hierdie lied van Dawid – “Loof die Here” – is dat die Here regeer.

Dawid het die ark van die Here met 'n tweede poging na Jerusalem gebring. Die eerste keer het hy dit met 'n wa probeer vervoer. Dit was nie volgens die voorskrifte van die Here nie. Daarom tref die Here vir Ussa (1 Kron 13) met die dood toe hy met sy hand die ark prober vashou toe die osse struikel. 1 Kronieke 15 beskryf hoe die ark op die regte manier deur die Leviete met draaghoute gedra word na Jerusalem.

In Kronieke 16 word die feesvieringe beskryf wanneer die ark ingebring word en in Jerusalem in 'n tent neergesit word.

Nou gee Dawid 'n voorbeeld van 'n loflied wat hulle moet sing. Die lied gaan oor Israel se posisie tussen die volke van die wêreld. Dit getuig van die Here se verbondstrou en sy almag. Israel se bestaan is 'n bewys dat die Here alleen oor alles en almal regeer.

Hoe regeer die Here? “Die Here regeer so dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, armoede en rykdom, alles uit sy Vaderhand kom.”

Sing: Psalm 96:1, 6 (Totius)

Ds LM Kruger (Uitenhage)